basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE ASSESSERING
ALGEMENE ONDERWYSSERTIFIKAAT(AOS)

2024 GRAAD 9 PROEFSTUDIE

Vak: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Vraestel 2

Punte: 80

Tydsduur: 2 uur

Uitsluitend 15 minute se leestyd

Hierdie toets bestaan uit 25 bladsye, uitsluitend die voorblad.

Instruksies aan die leerder:

1. Jy word 15 minute gegee om deur die vraestel te lees voordat jy mag begin om die vreastel te beantwoord.
2. Lees al die instuksies en vrae sorgvuldig deur.
3. Beantwoord al die vrae.
4. Beantwoord die vrae in die antwoordboek wat voorsien word.
5. Die gebruik van ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar word toegelaat.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Moenie die bladsy omblaai totdat jy aangesê word om so te doen nie.

AFDELING A

Vraag 1

1.1 Leon Shark werk vir Sizwe Digitale Maatskappy. Hy is verantwoordelik vir die aantekening en organisering van inligting sodat die besigheid suksesvol kan funksioneer.

Vir watter funksie is Leon Shark verantwoordelik?

A Aankope
B Administrasie
C Produksie
D Bemarking (1)

1.2 Sizwe Digitale Maatskappy soek verskaffers met redelike pryse voordat daar goedere en dienste aangekoop word.

Watter funksie is daarvoor verantwoordelik om verskaffers met redelike pryse, te soek?

A Bemarking
B Finansiële
C Produksie
D Aankope (1)

1.3 Watter funksie hieronder is verantwoordelik om kapitaal te bekom?

A Produksie
B Aankope
C Finansiële
D Administrasie (1)

1.4 Wat is die posbeskrywing van die menslike hulpbronbestuurder?

A Aanstelling van personeel
B Rekenskap te gee van die finansies
C Publieke verhoudings en kommunikasie
D Bemarking en advertering (1)

1.5 JJ Digitale Maatskappy verkoop elektroniese toerusting. Wax Dube, die algemene bestuurder, het die maatskappy uitgebrei deur ʼn nuwe afdeling te open wat herstelwerk doen en het meer werkers aangestel.

Wat is Wax Dube se verantwoordelikheid in die bostaande scenario?

A Verseker dat werkers gelukkig, gekwalifiseerd en opgelei is
B Neem alle besluite en take ten opsigte van die produk
C Identifiseer die produk wat klante benodig
D Doen toesighouding, aanstellings en motivering van werkers (1)

1.6 Meeste besighede vermeerder hulle verkope deur pamflette aan hul teikenmark te versprei.

Watter term hou verband met die bostaande scenario?

A Beplanning
B Publisering
C Promosie
D Produksie (1)

1.7 Watter funksie bepaal die verkoopprys van ʼn produk?

A Bemarking
B Finansiële
C Produksie
D Aankope (1)

1.8 Die administratiewe bestuurder van Tame Winkels het ’n aktiwiteitskedule ontwerp wat die datum, tyd, aksies en orde van aktwiteite, aandui.

Wat is die taak van die administratiewe bestuurder van Tame Winkeks?

A Beheer
B Beplanning
C Organisering
D Leiding (1)

1.9 Die aankope departement inspekteer die kwaliteit van die produkte en dienste tydens aflewering deur verskaffers.

Wat is die verantwoordelikheid van die aankope departement?

A Hantering van die finansies
B Hantering van die werkslading
C Hantering van die aflewering van verkeerde voorraad
D Hantering van die advertensieveldtog (1)

1.10 River, ’n bestuurder van XX Supermark, vergelyk die pryse van verskeie verskaffers voordat bestellings geplaas word.

Watter funksie hou verband met die bostaande stelling?

A Aankope
B Produksie
C Bemarkings
D Finansiële (1)

1.11 Lily Handelsmaatskappy is in ’n landelike gebied, wat nie elektrisiteit het nie, geleë. Die eienaar het die idee gekry om sonkraglampe aan die gemeenskap te verkoop. Die bemarkingsbestuurder het die eienaar aangeraai om marknavorsing te doen.

Waarna is die bemarkingsbestuurder opsoek?

A Goederemark
B Verkoopspromosie
C Bemarkingsmengsel
D Teikenmark (1)

1.12 Watter funksie bevorder die beeld van die besigheid?

A Bemarking
B Aankope
C Openbare betrekkinge
D Menslike hulpbronne (1)

1.13 Digitex Co. vervaardig televisies. In 2023 het die maatskappy 200 televisies per maand vervaardig. In 2024 het die maatskappy 1 000 televisies per maand vervaardig deur van die nuutste tegnologie gebruik te maak.

Wat was die positiewe effek wat die gebruik van die nuutste tegnologie op die vervaardigingsproses gehad het?

A Produktiwiteit het toegeneem
B Indiensneming het toegeneem
C Produktiwiteit het afgeneem
D Doeltreffendheid het afgeneem (1)

1.14 Julius Craig is die algemene bestuurder van Spare Save. Hy gee opdragte en leiding vir werkers oor hoe die besigheid se doelwitte bereik sal word. Hy het ’n prestasiebonusse ingestel om werkers te motiveer.

Watter rol word deur Julius Craig uitgevoer?

A Organisering
B Leiding
C Beplanning
D Kontrole (1)

1.15 Watter opsie hieronder beskryf kontrole in ’n besigheid?

A Neem besluite oor watter doelwitte die besigheid moet behaal
B Besluit oor die take wat sekere werkers moet uitvoer
C Delegeer take deur instruksies aan werkers te gee
D Verseker dat werkers hul pligte uitvoer soos daar van hulle verwag word (1)

1.16 Die primêre fase in ’n besigheid behels liassering van kwitansies en fakture van monitêre besigheidstransaksies.

Watter van die volgende opsies beskryf die bostaande die beste?

A Bewaring van finansiële inligting
B Bestellings vanaf verskaffers
C Finansiering van projekte
D Prysvasstelling van produkte (1)

1.17 Die bestuurder van Mr Bread Bakkery let op dat daar ’n verhoging in die prys van die insette van gebak is en besluit om die uitsetprys te verhoog wat lei tot ’n afname in die verskaffing van produkte aan die winkels.

Watter een van die funksies hou verband met die bostaande scenario?

A Algemene Bestuur
B Administrasie
C Produksie
D Bemarking (1)

1.18 Die bestuurder verstaan die hulpbronne en vaardighede wat in die besigheid voorkom en hou toesig oor die daaglikse bedryfsaktiwiteite. Hy verseker dat hulpbronne effektief deur middel- en laerbestuur aangewend word.

Watter een van die funksie hou verband met die bostaande scenario?

A Menslike hulpbronne
B Algemene bestuur
C Openbare betrekkinge
D Risikobestuur (1)

1.19 JJ Winkels verkoop goedere vir R5 000 aan Zweli wat later betaal sal word.

Watter risiko neem JJ Winkels?

A Kredietrisiko
B Tegnologiese risiko
C Nakomingsrisiko
D Strategiese risiko (1)

1.20 Wat beteken negatiewe publisiteit in die besigheidswêreld?

A Gepubliseerde inligting wat goeie resensies oor die handelsmerk of besigheidsnaam bevat
B Gepubliseerde inligting op sosiale media wat skade aan die besigheid se naam doen
C Gepubliseerde inligting wat help om die besigheid te laat groei en wat ’n goeie beeld skep
D Gepubliseerde verbruikersbehoeftes en ontwikkeling van maniere om dit deur die media aan te spreek (1)

1.21 TT Tegnologie wil ’n nuwe produk vrystel. Om dit te doen moet hulle verbruikersvoorkeure, aankooppatrone en kompetisie in die mark verstaan.

Wat moet TT Tegnologie doen om die bostaande doel te bereik?

A Teikenmark bepaal
B Bemarkingsmengsel toepas
C Produknavorsing doen
D Marknavorsing doen (1)

1.22 Die menslike hulpbron departement van Kudu Loodgieters, ’n landwye maatskappy, adverteer ’n posisie vir ’n ekstra loodgieter.

Watter vergoedingspakket behoort Kudu Loodgieters in hul advertensie in te sluit?

A Basiese salaris, behuisingstoelaag en ’n kruidenierswaretoelaag
B Basiese salaris, diensbonus en ’n kleretoelaag vir luukse klere
C Basiese salaris, diensbonus en ’n behuisingstoelaag
D Basiese salaris, behuisingstoelaag en ’n beurstoelaag (1)

1.23 MM Clothing spesialiseer in die vervaardiging van gholfhemde. 20 hemde is vervaardig teen die volgende kostes:
Materiaal: R360; Elektrisiteit: R200;
Huur: R1 200; Verpakking: R200; Etikette: R40.

Hoeveel kos dit MM Clothing om een gholfhemp te vervaardig?

A R90
B R100
C R1 800
D R2 000 (1)

1.24 DD Motorhandelaars het ingevoerde voertuie aan die publiek, teen billike pryse, verkoop. Hulle wil verkope verhoog en is besig met opnames deur vraelyste, te gebruik.

Waarom is dit belangrik vir DD Motorhandelaars om ʼn klante-opname te doen?

A Om klante in te lig oor handelsmerke
B Om ʼn goeie besigheidsbeeld te skep
C Om die verkoopsprys van voertuie te verhoog
D Om terugvoering oor huidige produkte te verkry (1)

1.25 Deeg Vervaardigers, die vervaardiger van koekmeel, gebruik koring as ʼn basiese bestandeel om koekmeel te vervaardig. Produksie sal onmoontlik wees sonder koring.

Wat is koring in die bostaande scenario?

A Indirekte materiaal
B Besigheidsmateriaal
C Grondstowwe
D Verpakkingsmateriaal (1)

1.26 Watter een van die volgende opsies verduidelik veranderlike koste die beste?

A Koste wat konstant sal bly
B Koste wat verander met produksie
C Koste om die besigheid te begin
D Koste van die produksieproses (1)

1.27 Wat word by die kosprys gevoeg om die verkoopsprys te bereken?

A Rente
B Inkomste
C Surplus
D Wins (1)

1.28 Thapelo Diale beoog om sy eie besigheid KK Pluimvee te begin en te bestuur. Hy het genoeg kapitaal, maar het geen idee hoe om ʼn besigheidsplan te ontwikkel nie. SEDA (Klein Handels- en Ontwikkelings Kooperasie) het bystand gelewer om ʼn besigheidsplan op te stel.

Watter vorm van eienaarskap is KK Pluimvee?

A Privaat maatskappy
B Publieke maatskappy
C Eenmansaak
D Venootskap (1)

1.29 Thapelo Diale wil KK Pluimvee uitbrei en het sy broer genader om by die besigheid aan te sluit. Die besigheidsplan moet aangepas word.

Hoe sal Thapelo Diale en sy broer die winste en verliese deel?

A Deel die winste gelykop
B Volgens die vennootskapsooreenkoms
C Thapelo Diale hou al die wins
D Volgens die kapitaalbydrae (1)

1.30 Tshepo P beoog om ʼn besigheid, wat dienste lewer, te begin. Sy sal verskillende tipe sosiale geleenthede soos partytjies, troues en byeenkomste koördineer.

Wat is Tshepo se besigheidsidee?

A Dansateljee
B Mediaproduksie
C Geleentheidsbeplanner
D Lewendige optredes (1)

1.31 Neo se departement is verantwoordelik om te verseker dat die produk of diens van die regte gehalte en hoeveelheid beskikbaar is.

Watter een van die departemente hieronder is verantwoordelik vir die bostaande scenario?

A Produksie
B Administrasie
C Bemarking
D Finansiële (1)

1.32 Die volgende winkels is in dieselfde area geleë. Prys-Shop verkoop babaklere, Good-Sport spesialiseer in hoë gehalte sportklere en toerusting, terwyl Perfect-Sport spesialiseer in tekkies, drafskoene, mansgholfhemde, hokkiestokke, ens. Gee-Gee Shop verkoop formele mansdrag.

Watter van die volgende besighede is mededingers?

A Prys-Shop en Good-Sport
B Perfect-Sport en Good-Sport
C Good-Sport en Gee-Gee Shop
D Gee-Gee Shop en Prys-Shop (1)

1.33 Watter opsie beskryf ’n besigheidsdoelwit die beste?

A ’n Goeie wyse om ’n besigheid te begin en suksesvol te laat groei
B ’n Kombinasie van gedeelde waardes en gedrag in ’n besigheid
C Die rede vir en die eerste stap om ’n besigheid te begin
D Die doelwitte wat ‘n besigheid oor die kort- en langtermyn wil behaal (1)

1.34 KayZ Vervaardigers vervaardig bakstene en voorsien die buurt van bou-materiaal. Maandelikse koste: 10 sakke sement, 2 ton sand, huur van die perseel, water en elektrisiteit, salarisse, versekeringspremie en rente op lening.

Watter een van die volgende is vaste koste?

A Huur en versekeringspremie
B Sement en rente op lening
C Salarisse en sand
D Water en elektrisiteit (1)

1.35 QO Winkels verkoop 10 pare skoene teen R720, die kosprys van die skoene is R 750.

Wat het die besigheid gemaak na verkope?

A wins
B uitgawe
C verlies
D las (1)

1.36 Om ’n kleuterskool van haar huis af te bedryf, benodig Candy K R95 000 se kapitaal. Sy dra R40 000 van haar eie geld by tot die besigheid en leen R20 000 van ’n bank. Sy ontvang ook R35 000 as verjaarsdaggeskenk van haar neef.

Hoeveel is die geleende kapitaal in die bostaande scenario?

A R95 000
B R40 000
C R35 000
D R20 000 (1)

1.37 Tom-Tekkies, ’n skoenmaatskappy stel ’n nuwe reeks drafskoene bekend en wil bekostigbaarheid vir klante verseker.

Wat moet die maatskappy doen om die bostaande visie te bereik?

A Verskaf ’n 2% afslag aan klante wat verskeie pare skoene koop
B Verskaf gratis aflewering op bestellings van meer as tien pare tekkies
C Stel ’n rente vrye betalings plan van drie maande aan klante bekend
D Gaan ’n venootskap met ’n plaaslike gymnasium aan, om spesiale promosies vir klante te bied. (1)

1.38 ’n Nuwe fliekteater wil ’n jonger, energieke en spontane generasie lok.

Wat sal die gepaste ligging vir die teater wees?

A ’n Landelike gebied met beperkte publieke vervoer
B ’n Besige winkelsentrum met kleinhandelswinkels en restaurante
C ’n Geïsoleerde plek vêr van ’n woonbuurt
D ’n Stil woonbuurt naby ’n industriële area. (1)

1.39 Gigi Kitskos Restaurant sukkel om kliënte gedurende spitsye tevrede te hou.

Watter een sal geklassifiseer kan word as ’n swakpunt van Gigi Kitskos?

A Tekort aan personeel
B Lojale kliënte basis
C Bekostigbare spyskaart opsies
D Uitbreiding na nuwe markte (1)

1.40 Luvo is ’n plaasbestuurder by Mafikeng Plaas. Hy spesialiseer in koring-produksie. Oor die afgelope paar jaar was die jaarlikse produksie tussen 200 en 250 ton. As gevolg van klimaatsverandering het produksie in 2023 tot 158 ton gedaal.

Watter van die volgende bedreigings hieronder gelys affekteer Luvo se plaas?

A Toename in kompetisie
B Stygende materiaalkoste
C Pryswisselings
D Uiterste droogte (1)

1.41 MNT Selfoon Maatskappy is die voorloper in die industrie en is bekend vir sy langlewe batterye. ʼn Nuwe maatskappy wat soortgelyke batterye aanbied, het die mark betree.

Wat kan MNT Selfoon Maatskappy doen om sy posisie in die mark te behou?

A Ontwikkel ʼn nuwe reeks fone met kleiner batterye
B Begin ʼn nuwe reeks fone met verbeterde batterye
C Hou dieselfde reeks fone met dieselfde batterye
D Beëindig die reeks fone met langlewe batterye (1)

1.42 Studio Boekverkopers, ʼn klein plaaslike boekwinkel, let op dat daar ʼn groeiende belangstelling in boekklubs onder sy Graad 9 klante is.

Hoe kan Studio Boekverkopers uit die bostaande geleentheid voordeel trek?

A Deur winkelure te verminder, sodat daar op bedryfskoste gespaar kan word
B Om alleenlik op nie-fiksie boeke te fokus
C Deur ʼn bymekaarkom plek te wees vir klubvergaderings en om groep-afslag aan te bied
D Om te belê in ʼn nuwe advertensieveldtog vir aanlynverkope (1)

1.43 Trendy Restaurant implementeer nuwe tegnologie en bring bedryfsaktiwiteite in lyn sodat lang wagtye en stadige diens tydens spitstye verminder kan word.

Hoe sal Trendy Restaurant die doeltreffendheid van die nuwe tegnologie meet?

A Die vermindering van die hoeveelheid kliënte klagtes
B Die gemiddelde rye waarin kliënte gedurende spitstye staan
C Die gemiddelde hoeveelheid tafels wat gedurende spitstye beset is
D Die hoeveelheid kliënte wat wegneemetes bestel (1)

1.44 Zuzu Electronics, ʼn klein elektroniese winkel, ondervind mededinging van plaaslike kettingwinkels.

Hoe kan Zuzu Electronics die bedreiging in ʼn geleentheid verander?

A Verminder die hoeveelheid personeel
B Bied gespesialiseerde kwaliteit produkte aan
C Bied ʼn beperkte waarborg op die produk aan
D Verminder die besigheidsure (1)

1.45 Checkin Handel Bpk. het Manzi Konsultante uitgenooi om leiding aan werkers te gee oor die vorming, rolle en verantwoordelikhede van die werksplekforum.

Wat kon Manzi Konsultante die werkers geadviseer het oor die werksplek forum?

A Om die forum te gebruik vir al die maatskappy se kommunikasie
B Werkgewers moet aansporings vir aktiewe werknemers aanbied
C Die werkgewer moet verpligte werksplekforum sessies bywoon
D Maak die forum ʼn vrywillige en veilige plek vir alle werknemers (1)

1.46 Zibu Handelaars wil hul werknemers behou deur mededingende lone aan te bied.

Watter stelling verduidelik lone die beste?

A Wins gemaak uit die verkoop van vooraad
B Bedrag spandeer op winkelonderhoud en advertering
C Weeklikse vergoeding van werknemers vir dienste gelewer
D Maandelikse vergoeding van werknemers vir dienste gelewer (1)

1.47 Watter van die volgende is ʼn voorbeeld van wangedrag?

A Neem jaarlikse verlof om aandag te gee aan privaat sake
B Die gebruik van maatskappy hulpbronne vir persoonlike gewin
C Neem inisiatief en staan mede-werkers by
D Bly agter om onvoltooide werk te voltooi (1)

1.48 Wat is ekonomiese groei?

A Die totale waarde van goedere en dienste wat binne die grense van ʼn land geproduseer word
B Die afname in die vlakke van inkomste van die landburgers oor ʼn sekere tydperk
C Die toename in die waarde van goedere en dienste wat in ʼn land oor ʼn sekere tydperk geproduseer word
D Die proses waardeur lae-inkomste ekonomieë omgeskakel word na hoë-inkomste ekonomieë (1)

1.49 Wat is oortyd?

A Meer tyd wat spandeer word aan diens om geskeduleerde werk te voltooi
B Minder tyd wat spandeer word aan diens as gevolg van ʼn afname in vraag
C Meer tyd wat aan diens spandeer word om op te maak vir vermorsing van tyd
D Werkstyd wat voorgeskyf word in die dienskontrak (1)

1.50 Sgumba Bpk het 200 werkers indiens, wat met tye oor die afgelope twee jaar weens lae lone en swak werksomstandighede aan industriële aksies deelgeneem het. Op 1 Julie 2024 het 125 werkers by die SI Vakbond aangesluit waarna al die onderhandelinge deur die unie behartig is. Huidiglik verdien al die werkers ŉ redelike loon en geniet vier maande se betaalde kraamverlof.

Wat is die effek van die SI Vakbond op Sgumba Bpk?

A Vakbondlede ontvang hoër vergoeding
B Werkers was onderwerp aan laer lone
C Die maatskappy het stakings ondervind
D Die werksomstandighede het verbeter (1)

1.51 As gevolg van hoë afwesigheid van werkers wat deur siektes veroorsaak is, ondervind Animal Farm Melkery het lae produksie van 500 000 liter melk per dag. Die afgelope tyd het die eienaar en die vakbond ŉ ooreenkoms geteken om ŉ welstandsprogram te implementeer. Skielik was werknemers nie meer afwesig nie en die plaas het ŉ gemiddeld van 800 000 liter per dag geproduseer.

Wat was die positiewe effek van die vakbond se welstandsprogram vir Animal Farm Melkery?

A Verlaagde produktiwiteit
B Verhoogde produktiwiteit
C Werkerafwesigheid
D Opdoen van siektes (1)

1.52 Die Menslike Hulpbronbeleid van GBV Dienste bepaal dat as werknemers vir minder as drie dae afwesig was, hoef ʼn doktersbrief nie ingehandig te word nie. Daar is waargeneem dat werkers gereeld op Maandae, Vrydae en die dag na ʼn vakansie siek was. Daarom is die beleid verander dat ʼn doktersbrief ingehandig moet word indien die persoon binne ʼn agt weke siklus op ʼn Maandag of ʼn Vrydag of die dag na ʼn vakansie, weer siek is.

Hoekom is die beleid van GBV Dienste verander?

A Om te vehoed dat werkers siekvelof vat
B Om werk aan mediese dokters te verseker
C Om die misbruik van regte te verhoed
D Om betaalde siekverlof te verhoed (1)

1.53 Daar is 1000 werkers by Thekwane Supermark wat aan drie verskillende vakbonde behoort. Tydens elke siklus word daar deur vakbonde onderhandel vir ʼn verbetering in lewenskoste. In hierdie siklus eis die 1ste vakbond ʼn verhoging gelykstaande aan Verbruikersprysindeks (VPI), die 2de vakbond eis 7%, terwyl die 3de vakbond 9% as verhoging vra. Werkers wat nie aan ʼn vakbond behoort nie, se stemme word nie gehoor nie. Thekwane Supermark bied oor die algemeen ʼn 5% verhoging aan.

Hoe moet hierdie arbeidskwessie opgelos word?

A Thekwane Supermark moet 5% aan al die werkers aanbied
B Vakbonde moet ʼn ooreenkoms van 7% aan al die werknemers teken
C Thekwane Supermark moet die 2de en 3de aanbod kombineer as 8%
D Alle partye moet betrokke raak in ʼn proses van kollektiewe bedinging (1)

1.54 Onderhandelings het ŉ dooiepunt bereik, nadat alle prosesse van kollektiewe bedinging, versoening en bemiddeling en arbitrasie tussen vakbonde, wat werkers verteenwoordig en die Voorspelde Analiste (die werkgewers) uitgeput was. Vakbonde het alle nodige prosedures gevolg en uiteindelik met ŉ staking begin.

Watter tipe staking het werkers van Voorspelde Analiste begin?

A Wettige staking
B Onwettige staking
C Algemene staking
D "Wildcat staking" (1)

1.55 Daar word van Reign Gold Exploration se werkernemers vereis om ondergronds te werk. Alhoewel myne ook geraak word deur beurtkrag, dring bestuur daarop aan dat werkers die ligte op hul hardehoedens te gebruik om ondergronds aan te hou werk wanneer dit beurtkrag is.

Wat is die rol van die vakbond in die bostaande scenario?

A Lig werkers in oor hul regte
B Onderhandel vir beter veilgheidstoestande
C Adviseer werkers om hul diskresie te gebruik
D Verseker gesondheid en veiligheid in die werksplek (1)

1.56 Die werkloosheidsyfer is bereken op 34% en BBP word geskat op 0,88%. Die regering moet meer projekte begin om die huidige situasie te verbeter.

Hoekom is dit belangrik vir die regering om die bogenoemde kwessie aan te spreek?

A Om meer werksgeleenthede te skep
B Om tenders aan almal te gee
C Om omvattende ekonomiese groei in te sluit
D Om minder beleggings toe te laat (1)

1.57 Die arbeidswetgewing in Suid-Afrika verskaf die raamwerk waaraan alle deelnemers moet voldoen. GEO Sands PLC het nie hierop ag geslaan nie en het buite die raamwerk opgetree. Dit is eers nadat die Minerale Hulpbron Vakbond (MHV) erkenning kry, dat al die arbeidswette, insluitend die Wet op Beroepsgesondheid en-veiligheid, nagekom is.

Wat was die effek van die vakbond in die bostaande scenario?

A Beter lone vir al die werkers
B Veiliger werksomgewing
C Vermeerdering van MHV lede
D Beter werksriglyne (1)

1.58 Themba werk vir die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling. Hy weet dat hy in Desember 2024 sy seun lughawe toe moet neem om ’n vlug na Nederland te onderneem. Sy seun gaan aan ’n onder 17-hokkietoernooi deelneem en sal Suid-Afrika verteenwoordig.

Waarvoor moet Themba aansoek doen?

A Studietyd
B Vermaaklikheid
C Jaarlikse verlof
D Ontspanningsverlof (1)

1.59 Tshepiso was vir die afgelope twee weke van die werk afwesig. In die derde week het sy, met ’n doktersbrief, by die werk opgedaag. Haar toesighouer wil egter dissiplinêre stappe neem.

Watter prosedure moet deur die toesighouer gevolg word?

A Lig haar in oor die aanklagte, hou ’n verhoor, stel ’n sanksie in, laat haar toe om te appelleer

B Stel ’n sanksie in, laat haar toe om te appelleer, hou ’n verhoor en lig haar in oor die aanklagte

C Hou ’n verhoor, stel ’n sanksie in, laat haar toe om teen die sanksie te appelleer en lig haar in oor die aanklagte

D Stel ’n sanksie in, hou ’n verhoor, lig haar in oor die aanklagte en laat haar toe om teen die sanksie te appelleer (1)

1.60 In die Banana Republiek word polisiebeamptes nie toegelaat om te staak nie. In een van die onderhandelingsiklusse, het die werkgewer nul persent bo die lewenskosteaanpassing aangebied. Na drie maande was daar lang rye by die polisiestasies as gevolg van beamptes wat baie tyd geneem het om aandag aan sake te gee, dokumente te sertifiseer en gereeld badkamerbreuke moes neem.

Watter industriële aksie het polisiebeamptes toegepas?

A Staking

B Algehele sluiting

C Betoging

D Sloerstaking (1)

1.61 Die mynwerkersvakbond in Mango Republiek het salarisonderhandelinge met die verskillende mynbase begin. Die werkgewers het ʼn verhoging van een persent bo die lewenskosteaanpassing vir alle mynwerkers aangebied. Die werknemers was nie hiermee tevrede nie. Die werknemers het ʼn onwettige en gevaarlike staking onderneem, waar plundering en kapings plaasgevind het.

Wat is die impak van die bostaande scenario op besighede?

A Verlies aan inkomste
B Verkope vermeerder
C Meer klante
D Verhoogde lewenskoste (1)

1.62 Amazimu Diensstasie is ʼn SEB-maatskappy wat aan arbeidswette voldoen, insluitend die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. Die maatskappy betaal ʼn minimumloon van R27,50 per uur aan hul algemene werkers vir vyf dae ʼn week. Die oortydtarief op Saterdae is 1,5 keer die normale loontarief. Bheki het Saterdag 10 ure oortyd gewerk.

Hoeveel behoort Bheki ekstra verdien omdat hy Saterdag gewerk het?

A R275,00
B R137,50
C R412,50
D R550,00 (1)

1.63 Amazi Waterdienste PLC het vyf kandidate vir die pos van hidroloog gekortlys. Twee van die kandidate, wat hul privaat voetuie gebruik het was betyds vir die onderhoud. Een van die kandidate het die paneel geskakel en ingelig oor vervoerprobleme. Een het aangedui dat sy laat sal wees vir die onderhoud omdat die trein as gevolg van kabeldiefstal nie die dag kon ry nie. Die ander kandidaat kon nie die onderhoud bywoon nie as gevolg van die taxi's wat nie op die dag mense vervoer het nie weens 'n gemeenskapbetoging teen beurtkrag.

Hoe moet die onderhoudspaneel optree ten opsigte van die bostaande scenario?

A Stel die drie kandidate in kennis dat hul aansoeke onsuksesvol was
B Herskeduleer die onderhoud met die vyf kandidate vir 'n ander dag
C Voer die onderhoud met die twee kandidate wat betyds was en vergeet van die ander
D Voer die onderhoud op die dag en herskeduleer 'n virtuele onderhoud met die ander drie kandidate (1)

1.64 Suster Joyce werk reeds 40 jaar vir die Departement van Gesondheid en is nou 59 jaar en 9 maande oud. Sy is gesond en sterk en wil nie binnekort aftree nie. Sy sal nog vir 5 jaar wil voortgaan met haar werk.

Op watter ouderdom moet suster Joyce aftree?

A 65
B 67
C 59
D 40 (1)

AFDELING B
Vraag 2

2.1 SaniTech Skoonmaak Maatskappy vervaardig skoonmaakmiddels en wil hul produk op televisie adverteer.

Noem die vier beginsels wat die advertensie SaniTech moet bevat? (4)

2.2 ʼn Nuwe Tiktok Koffiewinkel het in ʼn opkomende buurt geopen. Die ligging daarvan is maklik toeganglik en hulle bied ʼn verskeidenheid koffie en terte aan. Daar is ander gevestigde koffiewinkels in die omgewing bv. Ruby Coffee Shop, wat naby geleë is. Tiktok Koffiewinkel het die potensiaal om sy kliëntebasis te vergroot. Min werkers is aangestel as gevolg van finansiële uitdagings en die jaarlikse huur is ook ʼn probleem.

Lees die bostaande scenario en voltooi ʼn SWOT/SSGB analise van Tiktok Koffiewinkel. Identifiseer een voorbeeld van elke komponent. (4)

2.3 Onderskei tussen twee rolle wat deur die Menslike-hulpbronfunksie en die Openbare-betrekkingefunksie uitgevoer word. Lys twee rolle van elke funksie. (4)

2.4 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.
Salarisonderhandelings het ʼn doodloopstraat bereik.
New Dawn Edms. Bpk. neem 1.2 miljoen werkers regoor die land indiens. Hulle vervaardig noodsaaklike mediese voorrade. Op 1 Junie 2024 het die maatskappy ʼn salarisverhoging van 4,7% ter tafel gelê, terwyl werkers ʼn salarisverhoging van 15% geëis het. Gevolglik is ʼn dooiepunt in die onderhandelinge bereik.

Bespreek twee opsies wat beskikbaar is om die dispuut tussen die partye op te los. (4)

[16]

Einde van die toets